

**15 April**

**Pas op!**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:1-22**

Dit is asof Paulus net nie genoeg kan waarsku teen selftevredeheid onder Christene nie. Hier is nog 'n vorm daarvan: valse gerustheid. Die voorbeelde uit Israel se geskiedenis in die Ou Testament spreek boekdele. As uitverkore volk het hulle gedeel in God se verlossing, sy sorg, beskerming en genade (vs 1-4). In Nuwe-Testamentiese taal was hulle “belydende lidmate” van Christus se kerk, gedoop en gereeld gevoed met die Woord van God en sy liefdesorg – soos ons.

Tog het die meeste van die volwassenes wat uit Egipte verlos is, Kanaän nie beërwe nie. Hulle is langs die trekpad deur God verdelg weens hulle afgodery en sedeloosheid, asook hulle uittarting van en opstand teen hul getroue Verbondsgod ... (vs 7-10).

Die dinge wat Israel op die woestynpad na Egipte en Kanaän gedoen en oorgekom het, is tipies van kerkmense se valse gerustheid. Die woord “voorbeeld” is in Grieks “tupos”: “tipe, tipies” in Afrikaans (vs 6, 11). Ons is mos gered en ons is tog gedoop. Ons is sekerlik immuun teen die bose en sy ryk. God verseker ons tog dat Hy ons nie uit sy Vaderhand sal laat glip nie!

Om 'n bietjie met Oosterse mistiek rituele te speel, is tog seker nie gevaarlik nie? Om gereeld te kyk na wat “my sterre” voorspel, is blote pret. Om te praat van “die gode”, “dank jou sterre”, die “noodlot” maak my tog seker nie van my 'n heiden nie?

'n Buite-egtelike verhouding sal my darem nie in die hel laat beland nie ...! Pas op: “Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie” (vs 13).

*Sing: Skrifberyming 43:4*

*Ds. J Botha (Laeveld)*